***Bevryding van die geroofde kinders. Voorbereiding vir die regsaak***

**232** Mens hoor nou al reeds die gekerm van die kinders wat met geweld uit die arms van hulle ouers geruk was. Kisjonah en Baram, JonaEl en Jaïrus saam met die engel loop die kinders vinnig tegemoet; en die regter laat die twaalf dadelik vasbind en na `n stewige gevangenis bring.

[2] Spoedig daarna kom die kinderkaravaan aan en die engel bevry in `n oogwink almal van die esels en perde waarop hulle vasgebind was. Daar is meer as wat die eerste drywers wat die twaalf hoofverdagtes gebring het, aangegee het, want op menige perd was daar drie aanmekaar vasgebind. Al die kinders bewe van angs en vrees, omdat hulle dink dat hulle hier iets ergs sal oorkom; maar die engel spreek hulle baie vriendelik en kalm toe, en sê dat hulle hier nie net niks ergs nie, maar alleenlik iets baie goeds sal oorkom en dat hulle hulleself die volgende dag alweer in die arms van hulle treurende ouers sal bevind. Toe word die kinders rustiger.

[3] Sommiges kla egter oor pyn wat deur die pakrieme veroorsaak is; `n aantal het bloeiplekke aan hulle tengere liggame; want as hulle huil, het die mense hulle geslaan omdat deur hulle huilery die hele karavaan verraai kon word. Die meeste was naak; want met klere aan het iemand hulle miskien op die weg van Kapernaum na Sibarah, waar ander mense ook heen-en-weer getrek het, kon herken en dan die karavaan êrens kon verraai. Dus moes daar ook vir die noodsaaklikste kleding gesorg word.

[4] Kisjonah sorg dadelik vir `n groot hoeveelheid fyn linne en iedereen moes dadelik rokke begin maak sodat al die kinders die volgende oggend `n rok kon kry; baie hande maak ligte werk. En die kinders word gou na die groot herberg gebring wat Kisjonah self `n endjie bokant die tol laat bou het.

[5] Nadat die kinders in die herberg ingebring is, kom die hooftransport ook reeds al aan met die vee en al die ander dinge. Alles word in ontvangs geneem en in goeie bewaring geneem; en die knegte van die twaalf word ook vasgebind en na `n groot gevangenis gebring.

[6] Toe die gewerskaf verby is en die wagte oral heen verdeel op wag staan, gaan Kisjonah en sy vier begeleiers ook eindelik slaap; maar dit duur nie te lank nie omdat dit al laat was en die komende dag baie, en ook belangrike verwikkelinge beloof.

[7] Tot sonop bly alles rustig, maar daarna is iedereen op; en die eerste wat Kisjonah doen is om na My te kom en om My alles te vertel wat laasnag gebeur het, en om natuurlik van My te hoor wat daar nou vir Elohim in alle regverdigheid gedoen moes word.

[8] Maar **Ek** was hom voor en vertel hom wat daardie nag gebeur het en gee hom ook raad oor wat hy nou so gou moontlik moes doen. Dit advies lui soos volg:

[9] "Broer, stuur eerstens met die grootste spoed `n deur die keiserlike gereg alhier beëdigde boodskapper na die owerste Cornelius in Kapernaum, sodat hy `n kommissaris hierheen kan stuur om die twaalf sondaars te ondervra en `n oordeel oor hulle te vel, en om al die belanghebbendes wat die twaalf sal moet noem, hulle geroofde vee, maar veral hulle kinders in so kort moontlike tyd terug te gee! Want die hier aanwesige spesiale geregshof is te klein vir hierdie baie groot struikrowersaak en ook nie regsbevoeg vir hierdie soort gevalle nie. Maar My Naam moet beslis nie genoem word nie!

[10] Die hooggeregshof sal dit nie maklik hê met die twaalf fariseërs nie! Vir die roof kan dit hulle nie veroordeel nie. Ook vir die wanbetaling van tol kan dit hulle niks maak nie, want hulle het vir die hele land `n vrybrief en omdat hulle inwoners van die land is, kan volgens die wet geen tol van hulle gehef word nie. Dit was dan ook nie die rede waarom hulle die tol ontwyk het nie; dit doen hulle maar net uit vrees vir die volk. Want met soortgelyke ondernemings het hulle al skoolgeld betaal en daarom het hulle die geheime pad na Jerusalem gemaak.

[11] Daarom is daar maar één kwessie waarvoor hulle deur die gereg veroordeel kan word tot `n goeie skadevergoeding, en dit is die skade wat hulle aan jou bosse aangerig het. Daarvoor sal al die huur wat nou in jou hande is, by verre nie voldoende wees nie, ook nie tesame met die geld wat hulle by hulleself het nie.

[12] Laat daarom as tweede noodsaaklikheid ook gou deskundige taksateurs, begelei deur `n geregsdienaar, die bos ingaan en die skade opneem, sodat as die hooggeregshof hierheen kom, alles al daar is wat vir die geldige vel van `n wetlike oordeel nodig is; want anders kan die gereg die ondersoek `n lang tyd laat voortsleep en dan sou die ernstig benadeeldes miskien eers oor `n jaar hulle besittings terugkry. As egter alles wat die gereg nodig mag hê, aanwesig is, dan kan dit ook gou `n oordeel vel en ná die oordeel tot die uitvoering oorgaan."

[13] Na hierdie inligting gaan Kisjonah onmiddellik na sy personeel en reël alles dadelik soos wat Ek hom dit aangeraai het.

[14] `n Klein seilskippie vaar met `n gunstige wind vinnig na Kapernaum en die Romeinse regter gaan self met agt onder eed staande taksateurs die gebergte in wat, vanaf Kis gesien, die linkersy van die dal begrens en hulle stuur `n kommissaris met agt ander, eweneens beëdigde, taksateurs na die gebergte aan die regtersy van die dal.

[15] Ongeveer om vieruur die middag kom `n kommissaris van die hooggeregshof met twee skrywers, asook die taksateurs van beide gebergtes met die presies opgeneemde skade daar aan.

***Romeinse regspraak***

**233** Daar word nou vinnig voorondersoeke ingestel en nadat dit spoedig beëindig is, word **die twaalf** voorgelei. Toe die Hoofregter hulle ondervra, sê hulle: "Ons is ons eie baas en ons het ons regbank in die tempel in Jerusalem; buite Elohim en Sy regbank, is ons oor al ons doen en late aan niemand `n antwoord verskuldig nie, en u kan ons dus vra wat u wil, u sal geen antwoord meer van ons kry nie; want ons staan op wetlike gronde, wat baie stewig is en u kan aan ons niks doen nie."

[2] Daarop sê **die regter**: "Vir dergelike weerspannigheid het ek `n middel by my; dit bestaan uit roede en sweep! Dít sal u wel aan die praat kry! Want die reg ken geen klasseverskille nie; voor die reg is almal gelyk!"

[3] Die **vernaamste van die twaalf fariseërs** sê nou: "O, daardie middele ken ons en ook die krag en die uitwerking daarvan; maar ons ken nog `n ander middel! As ons ons daarvan bedien, en dit doen ons waarskynlik wel, dan is ons wellig die allerlaaste wat u durf bereg! Ken u die beroemde amptelike verklaring van Caesar Augustus, wat hy eiehandig geskrywe het en die priesters van Jerusalem laat toekom het, waarin hy sê:

[4] “Die priesterkaste is die keiserstroon in Rome beter gesind as al die ander; daarom moet ook al hulle wette en voorregte as heilig beskerm word. Wee diegene wat hulle aanval! So `n misdadiger moet weens hoogverraad die swaarste straf ondergaan! Hierdie wet geld nou nog net so goed as dertig jaar gelede. As u daar miskien niks van af geweet het nie, dan het ons u geheue nou verfris. Doen nou wat en hoe u wil; dan doen ons wel wat ons wil!

[5] Ons huurkontrakte is heeltemal volgens wet verkry en niemand kan en mag dit van ons afneem nie. Nou, op hierdie oomblik kan dit wel met geweld gedoen word, omdat ons nie sterk genoeg is nie; maar as ons ons pande hier agterlaat, moet ons vrygelaat word en dan weet ons wel hoe om die saak verder te laat behandel!”

[6] **Die Hoofregter** antwoord: “Die saak waarvoor u hier tereg staan, gaan gladnie oor die pande nie, hoewel u uself voor Elohim en al die eerlike mense daarvan veeleer meester gemaak het deur skandelike roof as dat u ook maar enigsins reg daarop gehad het. Want ek weet maar al te goed watter voorregte u deur u huigelary by die keiser afgepers het.

[7] As Augustus u geken het soos wat ek u ken, dan sou u egter definitief `n ander getuienis gekry het! Maar helaas het hy homself deur valse skyn laat bedrieg en het hy julle flikkerende lamp aangesien vir die lig van die son en u daarom u voorregte gegee.

[8] Maar dit is nou aan my en aan owerste Cornelius oorgelaat om u in u ware gedaante aan die keiser te openbaar, en dan sal u u voorregte gou kwyt wees! Origens kan u my dreig soveel u wil; want ook ek bevind my op wetlike grond en ons Hoofregters van die land het vanaf kort gelede `n nuwe verordening ontvang met betrekking tot julle intriges, waarvan die keiser nou ook op hoogte is, en daarin staan uitdruklik vermeld dat ons u baie skerp in die oog moet hou en ek verseker u dat ons Hoofregters die nuutste verordening uit Rome buitengewoon getrou en nougeset nakom, en ons het u al op `n, vir u beslis nie baie vriendelike wyse nie, beskryf! Verstaan?

[9] U suig net soos die Afrika-basilisk die onderdane van die keiser die laaste druppel bloed uit, u maak bedelaars van hulle en wat u nog oorlaat, dit gryp die landpagter Herodes, sodat hy al sy duisende hoere vet en oorvloedig kan voer. Maar die arme volk moet in die grootste ellende versmag! Is dit regverdig?

[10] As daar `n god is wat slegs soveel regsgevoel het as ek en soveel liefde vir die volk het as my jas, dan sou dit onmoontlik wees om sulke duiwels soos u en u Herodes nog langer oor die arme mensdom te laat heers!”

[11] “Jy moet jou naaste so lief hê soos jouself!” lui `n morele wet in u boek wat u God u sou gegee het; hoe hou u uself egter daaraan?

[12] Waarlik, die wet wat u altyd met veel ywer navolg, is haat teen iedereen wat u in u weelderige, wellustige lewe nie ten volle wil ondersteun nie! Helaas het u vir daardie doel op slinkse wyse `n voorreg verkry waarop u uself nou beroep om allerlei ongehoorde afpersings te kan onderneem.

[13] Gelukkig het u egter in hierdie geval behalwe u wettig genoemde pand-opeising iets gedoen wat selfs ook opsigtelik nie deur `n aan my bekende wet goedgekeur word nie. Die daad, waarvoor u hier nou alleen tereg staan, heet vernieling van bos. Daaraan het u uself op groot skaal in die pragtige bosse van Kisjonah skuldig gemaak. Hy is `n Griek en `n betroubare onderdaan slegs van die keiser, en sy regte sal deur elke keiser van Rome met `n volle legioen beskerm word as dit ook maar in die minste aangetas sou word, want hy betaal daarvoor jaarliks duisend pond aan die keiser, wat regtig geen kleinigheid is nie.

[14] Oor `n veldlengte van ongeveer vyf uur het u by die aanleg van u geheime smokkelweg, byna duisend pragtige jong seders en `n paar duisend ander mindere soorte ou en jong bome verniel en volgens opgawes van beëdigde taksateurs het u Kisjonah `n skade van meer as tien duisend pond berokken. Nou, hoe gaan u die skade vergoed?”

[15] Die vernaamste **fariseër** antwoord: “Weet u dan nie dat die aarde van Elohim is, en dat ons Sy kinders is waaraan Hy Sy aarde gegee het? As Elohim Self die reg het om met die aarde te doen wat Hy wil, het ook ons as Sy kinders daardie reg en kan ons met die aarde doen wat ons wil. Ook al het een of ander heidense mag ons dié reg vir `n tydjie ontneem dat sal hy dit tog nie solank besit nie; Elohim sal dit van hulle afneem en weer aan ons, Sy kinders, gee.

[16] Uit die oogpunt van die reg van Elohim, hoef ons geen skade aan die bos te vergoed nie omdat die aarde ons s’n is, en ons daarmee kan doen wat ons wil. Maar tengevolge van die grotere, slegs skynbare, mag wat u Romeine nou wederregtelik oor ons uitoefen, sal ons ons wel verwerdig om tot vergoeding oor te gaan; maar daar kan gerus nege tiendes van die tienduisend pond afgetrek word. Want, dit weet ons wel - ons kan die beste bepaal hoeveel die bome werd was wat ons gefel het, en waarvan ons natuurlik maar `n baie klein gedeelte gebruik het vir die noodsaaklike bou van brûe; en oor hoeveel skade praat ons dan nog? Daar lê nou `n nuwe pad wat die tollenaar Kisjonah baie goed kan gebruik! As hy hom self aangelê het, dan sou dit hom sekerlik duisend pond gekos het; nou kan hy daar `n nuwe tol vestig en dan het hy in een jaar driemaal soveel geïn as wat die hele pad ons gekos het.”

[17] **Die Hoofregter** sê: “In naam van die keiser en sy wyse wet veroordeel ek u tot daardie skade wat deur beëdigde taksateurs vasgestel is; en omdat u uself as kinders van Elohim al die mag oor die hele aarde aanmatig, waaruit logieserwyse voortvloei dat die keiser onder julle mag staan, waarvan hy tot op hede ook selfs nie sou gedroom het nie, maar waarmee u egter wel, deur so `n skandelike aanmatiging, suiwer majesteitskenders van die heilige persoon van die keiser geword het, tot `n geldstraf van twintigduisend pond, waarvan een derde ten goede kom van Kisjonah, en twee derdes vir die keiser is; tewens word daarby al u pande verbeurd verklaar!

[18] Omdat egter op majesteitskennis die onherroeplike straf van die dood of die ewige verbanning staan, kan u nou kies wat u liewer wil hê, onthoofding deur die byl of verbanning na Europa se ysland! Ek het gepraat in die naam van die keiser en in diens van sy wyse wet! Dit alles moet dadelik ten uitvoer gebring word! Al vergaan intussen die hele wêreld, hierdie reg sal uitgeoefen word!

[19] Kyk, so doen `n Hoofregter van Rome, en hy vrees niemand nie, behalwe die gode en die keiser!”

[20] Vervolgens laat hy homself volgens Romeinse gebruik water bring en was sy hande; `n geregsdienaar breek `n staf in twee en werp dit voor die voete van die twaalf.